Speaker, lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Raadslede, Munisipale Bestuurder, Direkteure, munisipale amptenare en ons inwoners

01 June 2022

Personally for me as Executive Mayor of Bergrivier Municipality, it is a huge honor and privilege to table the 2022/2023 budget and MTREF (2022/23 to 2024/25 Medium Term Revenue and Expenditure Framework) to the Bergrivier Municipal Council for final approval.

An advertisement was placed in the newspaper and on the municipal website (www.bergmun.org.za), inviting members of the community to comment on the draft budget as tabled in March 2022. We received inputs during the public participation process that closed on 5 May 2022.

As Executive Mayor, I considered all inputs we received and feedback was provided at the Budget Steering Committee meeting which was held on Thursday, 19 May 2022. Various other comments were also received and have been included in the IDP under Chapter 6 for consideration for future budget processes.

Speaker, ons keur vandag ‘n begroting goed in moeilike tye vir die munisipaliteit en ook vir ons inwoners. Die moeilike ekonomiese uitdagings wat almal raak sluit in die kragpryse wat duur raak vir verbruikers, petrolpryse wat die hoogte inskiet, krag onderbrekings en lewenskoste wat onbekostigbaar raak. Met dit in ag geneem wil ek ‘n beroep doen op die Raadslede en amptenare om hierdie boot op die water te hou vir die inwoners. My oproep aan die inwoners is om die

Raadslede en amptenare te help om die boot veilig aan die wal te bring.

Ek wil graag die volgende hulp van inwoners vra:

- Rapporteer die diefstal van kabels. U weet baie keer wie die skuldiges is;
- Hou asseblief op met rommelstrooi aktiwiteite en moenie tuinvullis op openbare ruimtes stort nie;
- Rapporteer diegene wie inbreek by munisipale fasiliteite en diegene wie publieke fasiliteite afbreek. Indien u as belastingbetaler stilbly sal u aan die einde van die dag hiervoor moet betaal; en
- Dit is belangrik dat u, u munisipale rekening betaal. Indien u in ’n moeilike finansiële situasie is, tref die nodige reëlings met die munisipaliteit.

Daar is ’n paar veranderinge gemaak in die konsepbegroting en personeelbegroting en ek wil graag ‘n beroep doen aan die amptenare om aandag te skenk aan die volgende kwelpunte vir die Raad en die gemeenskap: Instandhouding en opgradering van ons sportgeriewe; Opgradering van ons speelparke; Instandhouding van ons paaie; Instandhouding van ons gemeenskapsfasiliteite en munisipale geboue; Integrasie van ons verskillende stelsels; en verbetering van ons kliëntediens en bemagtiging van ons amptenare.

My oproep aan alle Raadslede in terme van hul oorsig rol vir die 2022/2023 boekjaar is om deeglik te kyk na die maandverslae van finansies en om die dienslewering en begrotingsimplementeringsplan te monitor. Ek wil ook hê dat Raadslede die inkomste en uitgawe projeksies vir elke maand moet monitor.

Speaker, die wykraadslede in samewerking met hul wykskomiteelede word ook bemagtig met R125 000 wat aan elke wyk toegeken is vir spandering in hul wyk.

My opregte dank aan elke inwoner wie die wyksvergaderings in hul onderskeie wyke bygewoon het en ook insette ingestuur het. Ek bedank die begrotingloodskomitee, ons Munisipale Bestuurder, ons Hoof Finansiële Beampte, alle Direkteure en die begroting- en uitgawe kantoor vir hul insette. Die personeel in die kantoor van die Uitvoerende Burgemeester verdien ook ‘n pluimpie vir hul ondersteuning aan die Uitvoerende Burgemeester.

Speaker, die Uitvoerende Burgemeester met sy lede is op die regte pad deur eienaarskap te neem van die begroting. Die Voorsitter van Finansies gaan ‘n prosesplan ter tafel lê oor hoe om die begrotingsproses te verbeter en vergemaklik.

Ek vra hiermee dat elke Raadslid sy ondersteuning gee in die besteding van die 2022/2023 begroting.

Ten slotte wil ek graag alle lof en dank aan ons Hemelse Vader gee wie ons bemagtig het om hierdie begroting (Dinsdag, 31 Mei 2022) goed te keur.